



Erik moes albei die Hannekom broers klop om die Arabella Challenge te wen

ALL PHOTOS BY MARK SAMPSON | @MARKSAMPSONCT | WWW.PHOTOSPORT.CO.ZA



Bo op die podium na twee lekker dae van bergfietsry.

Wyn, Buffet, Golfkarretjies en Trap by die ARABELLA CHALLENGE

Gelukkig is **Erik Kleinhans** se bergfiets nie elektries nie, of miskien moes Arabella eerder vir hom en Evert Ferreira 'n trapkar-golfkarretjie gegee het...

Dit was dalk nie super ideaal toe my en Evert se golfkarretjie op die derde putjie met 'n pap battery gaan staan na 'n volle oggend op die fiets nie! My fietsryskouers is nie besonders geskik vir die swaar golfsak nie, maar Evert, bemarker bestuurder van Mizuno-skoene, het gelukkig breed geglimlag dat hulle hom toegelaat het om met sy

hardloopskoene op die vyf-ster baan te mag speel. Die verligting was groot 'n paar putjies later toe 'n nuwe karretjie afgelewer word!

Elke naweek in elke provinsie is daar is so baie skofwedrenne regoor Suid-Afrika, en jaar na jaar is daar net nog so paar nuwes wat te voorskyn kom op die kalender en dit laat mens nogal wonder wanneer die aanbod te

veel gaan raak vir die aanvraag.

Maar ons as bergfietsryers kla definitief nie, natuurlik is daar die bekendes wat net eenvoudig goed werk met honderde, selfs duisende, deelnemers elke jaar wat die geharde fietsryers jaar-na-jaar aanpak, maar dit is al die nuwe en kleiner skofwedrenne wat baie keer vir mens daardie ekstra bietjie plesier verskaf, 'n roete nog nooit vantevore gery, 'n area nog nooit vantevore erken, en nuwe mense om te ontmoet.

Dit was die derde weergawe van die Arabella Challenge die jaar, die tweede keer vir my, en elke keer as ek deur die ingang langs die perfekte groen gras, tuine en fairways na die hotel ry, besef ek hoe bevoorreg ons is om op sulke plekke te kan kom deelneem!

Die "Hospitality Property Fund" is 'n vennoot van ons REC M-span wat help om rondom SA in van die beste hotelle te kan bly, waarvan die Arabella een is. So die doel van hierdie uitstappie was nie noodwendig net om resies te

jaag nie, maar eerder om saam met vriende/vennote te kom sosialiseer en ons ondersteuning te kom wys vir hulle wedren.

Daar word baie gepraat dat fietsry die nuwe golf is, ironies genoeg sien mens dit baie duidelik by hierdie wedren wat basies op 'n golfbaan begin. Die hotel is vol gesinne, maar nie almal ry fiets nie. Terwyl die een helfte van die familie fietsry, ontspan die ander helfte by die swembad of in die spa en in die namiddag geniet almal 'n skemerdrankie en ete saam.

Die Arabella-bestuur is nogal skerp en aanvaar die geleentheid. Buiten die bergfietswedren vat hulle dit nog 'n stappie verder om selfs hulle eie fietsrypaadjies te bou en te merk. Die wedren mag dalk nooit groei soos 'n Wines2Whales of Sani2c nie, maar dit het sy eie karakter, sy eie pretfaktore en daar sal volgens my altyd 'n mark wees indien dit met passie en kwaliteit georganiseer word. **FS**



Erik het die kans gekry om 'n ronde gholf met Evert Ferreira van Mizuno-skoene gespeel.

"Maar dit is al die nuwe en kleiner skofwedrenne wat baie keer vir mens daardie ekstra bietjie plesier verskaf."



Ariane die dames wedloop ook gewen.



Ariane op pad om dit 'n REC M dubbel te maak.



Scan this QR code to read the article in English on www.fullsus.co.za



REC M se **Erik Kleinhans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy is nou die eienaar en kaptein van die REC M bergfiets

span, en moet net so hard werk op die span admin as op sy oefening. Volg hom op Twitter by [@erikkleinhans](https://twitter.com/erikkleinhans).